Huiskerk

Quellerina Gemeente

21 Movies

# Cool Runnings

## 1 Kronieke 21:1-22

*Was Dawid se sensus (v1) dan so vreeslik dat die Here 'n pes onder Israel moet laat uitbreek(v14)?*

*Met die sensus opname het Dawid God se eer vir homself geneem. Dit is die oorwinnings wat God gegee het wat Israel en Juda se groote bepaal het. Verder moes Dawid leer wat Irwin Blitzer , die afrigter van die Jamaikaanse bobslee-span in Cool Runnings, ook moes leer:*

*Dit wat buite jou lê - soos 'n goue medalje of die eer van 'n sensus opname -bepaal nie wie jy is nie. In Irwin se woorde: "'n Goue medalje is iets wonderliks, maar as jy nie genoeg is daarsonder nie, sal jy nooit genoeg wees nie.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou ewe in?*

*Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?*

*Wat kan julle as gesig uit hierdie storie neem?*

*Dawid moes leer om net in die Here te wees. Dit is genoeg. Jy het niks van buite nodig om jou te bevestig nie. Jy is genoeg- omdat jy bestaan en God jou liefhet. (Bybel24/7)*